ecsponent
Belê met die tye

Vastekoers Inkomsteverskaffer Klas A

Beleggersprofiel

Gepas vir beleggers wat:
- 'n Mediumtermyn belegging verkies
- Risiko-sku is, maar 'n hoër koers verlang as die markgemiddeld
- 'n Maandelikse inkomste verlang ná belasting
- 'n 100% toewysing van hul kapitaal verlang
- Vir wie die sekuriteit van 'n belegging in genoteerde voorkeuraandele belangrik is

Beleggingsdoelwitte

Voorsien beleggers van 'n standvastige, bogemiddelde inkomste, terwyl die kapitale beleggingsbedrag bewaar word, teen 0% beleggingskoste.

Aanbevole termyn

Vyf jaar

Beleggingsuiteensetting



Beleggingsbeskrywing

'n Vyfjaar, vaste koers, aflosbare, kumulatiewe, nie-deelnemende voorkeuraandeel met 'n aflosbedrag van 100% op die aanvanklike uitgifteprys. Elke aandeel betaal 'n maandelikse dividend teen 'n enkelvoudige dividendkoers van 10% per jaar min dividendweerhoudingsbelasting van 15%.

Jaarlikse opbrengskoers aan beleggers betaal

Beleggingswaarde	Bruto koers	Netto koers*
Minder as R100 000	10.00%	8.50%
Meer as R100 000	10.59%	9.00%

* Bruto koers minus 15% dividend terughoudingsbelasting

Fooie en vermindering in opbrengs

Aanvangsfooie	0%
Adviesfooie	0%
Totale koste	**0%**

Risikoprofiel



Klas A Genoteerde voorkeuraandele



Grafiek is slegs vir illustratiewe doeleindes. Die data sluit alle fooie, belasting en ander aftrekkings wat van toepassing mag wees uit. Ter illustrasie, is die maandelikse inkomste-uitkerings teruggevoeg tot die kapitaalbedrag om die totale opbrengs op die belegging uit te beeld. Inkomste uit hierdie belegging word maandeliks betaal, na aftrekking van belasting, en word nie outomaties herbelê nie.

Algemene inligting

Minimum beleggingsbedrag:
R10 000
Aanvangsdatum:
Vierde kwartaal 2014

Industrie kategorie:
Genoteerde voorkeuraandele
Portefeulje grootte van voorkeuraandele:
R 327 700 000

Voldoen aan Regulasie 28:
Nee
Prestasieteiken:
Vaste dividendkoers, maandeliks betaalbaar, in ooreenstemming met die dividend- kalender.

ecsponent
Financial Services

Ecsponent Financial Services is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer geregistreer by die Finansiële Dienste Raad onder lisensie nommer FDV 32968 en bied aan beleggers die inligting en advies wat hulle nodig het om beleggingsbesluite te maak wat geskik is vir hul eie behoeftes.

Ecsponent Financial Services is 'n volle filiaal van Ecsponent Beperk.